SAKE 24 (Burger Kaap)
Friday, 25 September 2009, p. 22

09		PVB	BBP	Lopende rekening	R/Euro	R/Dollar	Goud-prys	VDS-koers	VPI	Uitleen-koers	BBP 2010	VPI 2010
Absa Capital	Ian Marsberg	-3,1	-2,1	-122	10,88	7,74	930	7,50	7,20	11	2	6,1
BEO	Hugo Pienaar	-3,1	-1,8	-142,6	11,87	8,45	900	7,60	7,10	10,50	2,70	5,70
BJM	Elna Moolman	-2,7	-2	-110	11,82	8,27	952	7,00	7,20	10,50	2,60	5,50
Brait	Colen Garrow	-2,3	-1,2	-145	10,50	7,47	1 095	7,25	6,60	9,50	2,60	5,80
Citadel	Dave Mohr	-2,5	-2	-80	11,50	8,0	900	6,50	7,00	9,50	-1	4
Citibank	Jean-Francois Mercier	1	1,5	-192	11,15	9,70	885	8,10	6,10	11,50	3,70	5,90
Credit Guarantee Insurance	Luke Doig	-2,5	-2	-129,9	11	7,75	990	6,75	7,40	10	2,40	6,20
Dynamic Wealth	Chris Harmse	-1,3	-1,7	-120	11,10	7,95	1000	7,20	7,20	10	2,90	6,40
Econdow	Richard Downing	-2,2	-2	-130	12	8,60	880	7,35	7,50	10,40	1,90	6
Onafhanklik	Tony Twine	-2,0	-2,2	-108	12,50	8,40	1 050	7,40	7,20	10,11	3,50	5,70
Ecoquant	Christo Luüs	-2,8	-2,1	-120	11,25	8,20	950	7,00	7,30	10,50	2	6,30
Eskom	Mandla Maleka	-2,3	-1,5	-135	11,85	8,30	900	7,20	7,20	11	2	5,60
Global Insight	Ronel Oberholzer	-2,5	-2,4	-154	10,50	7,72	817,7	7,00	7,30	7	2	5,60
Gryphon	Abri du Plessis	-2	-1,5	-170	12,75	9,10	850	6,50	6,20	10	2,50	5
IDC	Gerhard Kuhn	-2,6	-1,6	-110,8	10,92	8,07	973,1	7,20	7,20	10,50	2	5,80
JPMorgan	Sonja Keller	-2,2	-1,7	-142,8	11,35	8,0	900	7,00	7,00	10,50	2,40	4,70
MPO	Koos Coetzee	0,4	0	-160	11,80	8,50	920	7,50	7,50	10,50	3,50	6,50
KADD Capital	Elize Kruger	-3,0	-2,5	-125	11,25	7,95	950	7,00	7,20	10,50	2,80	5,40
Nedbank	Dennis Dykes	-2,8	-2,2	-98,1	11,44	8,0	996	6,65	7,20	10	2	5,90
NKC Onafhanklike Ekonome	Noelani King-Conradie	-1,0	-2,1	-125	11,33	8,30	976,67	7,33	7,30	10,50	3,10	6,10
Ou Mutual	Rian le Roux	-3,0	-1,6	-120	11,30	8,25	950	7,25	7,30	10,50	2,50	5,70
Sanlam	Arthur Kamp	-2,5	-2	-120	11,70	8,35	900	7,30	7,10	10,50	2	5,70
PricewaterhouseCoopers	Roelof Botha	-2,0	-1,8	-135	10,70	7,5	990	7,20	7,90	10	4,50	5,50
PSG Konsult	Dawie Klopper	0	0,2	-130	11,70	8,50	1 100	8,25	6,25	10	2,50	5,50
NWU	André Mellet	1	1	-150	12,50	9,0	950	7,00	6,80	10,50	4	6
RAB	Kay Walsh	-3,2	-1,9	-114,1	11,50	8,23	955	7,10	7,30	10,50	2,30	5,80
Sasol	Michael McClintock	0	0,5	-150	12,50	10,35	900	7,25	6,30	11	2,50	4,80
The Efficient Group	Dawie Roodt	-2	-2,3	-100	12,70	8,70	1 100	7,00	7,00	11	2,50	6,60
Economists.co.za	Mike Schüssler	-2,9	-2,2	-90	11,02	7,71	990	7,10	7,50	10,50	1,10	6,50
Krüger Internasionaal	Ulrich Joubert	-1,5	-1,9	-145	12,30	8,5	975	7,25	7,25	10,50	1,50	7
Universiteit van Kaapstad	Corné van Walbeek	-2,5	-2	-120	11,30	8,0	950	7,00	7,70	10,30	3	5,50
Universiteit van Vrystaat	Johan Willemse	-0,7	-1,3	-137	11,30	8,10	1 030	8,30	7,30	10,50	2,30	5,90
Vunani Sekuriteite	Johan Rossouw	-3,3	-2	-111	11,14	7,76	980	7,00	7,20	10,50	2,50	6,10
Konsensus September		-1,94	-1,53	-128,56	11,53	8,29	957,14	7,21	7,12	10,31	2,45	5,78
Standaardafwyking		1,19	0,98	22,71	0,60	0,59	66,49	0,41	0,41	0,71	0,92	0,58
Konsensus Augustus		-1,39	-1,36	-143,12	11,85	8,58	938,57	7,41	7,12	10,41	2,43	5,76
Standaardafwyking		1,30	1,13	23,89	0,72	0,65	60,25	0,49	0,49	0,75	0,96	0,62
Konsensus Julie		-1,12	-1,19	145,89	12	8,73	943,45	7,30	7,07	10,45	2,45	5,78
Standaardafwyking		1,31	1,16	21,27	0,71	0,71	77,81	0,50	0,55	0,75	0,95	0,51
Konsensus Junie		-0,56	-0,74	-145,93	12,03	8,93	954,26	7,28	6,76	10,53	2,56	5,61
Standaardafwyking		1,24	1,14	20,92	0,72	0,66	92,60	0,58	0,60	0,46	1,01	0,55
Konsensus Mei		-0,29	-0,16	-147,41	12,26	9,21	942,98	7,40	6,59	10,73	2,63	5,59
Standaardafwyking		1,18	0,96	21,06	0,78	0,62	98,45	0,54	0,52	0,46	0,98	0,56
Konsensus April		-0,02	0,09	-150,56	12,79	9,63	947,99	7,63	6,43	10,80	2,82	5,58
Standaardafwyking		1,26	1,01	22,69	0,66	0,53	130,72	0,58	0,57	0,52	1,02	0,58
Konsensus Maart		0,59	0,56	-157,06	12,93	9,82	948,98	7,84	6,17	11,16	3,02	5,53
Standaardafwyking		1,13	1,06	26,06	0,69	0,48	131,62	0,58	0,71	0,64	1,07	0,59
Konsensus Februarie		1,03	1,14	-154,44	12,84	9,68	945,59	8,14	6,07	11,30	3,33	5,50
Standaardafwyking		1,05	0,93	34,23	0,76	0,58	137,93	1,00	0,67	0,98	0,86	0,83

PVB: Reële groei van persoonlike verbruikersbesteding vir 2009. **BBP:** Reële groei van die bruto binnelandse produk vir 2009. **Lopende rekening:** Saldo van die lopende rekening van die betalingsbalans vir 2009 (Rmjd.). **R/Euro:** Gemiddelde wisselkoers vir die laaste kwartaal van die jaar. **R/$:** Gemiddelde wisselkoers vir die laaste kwartaal van die jaar. **Goudprys:** Gemiddelde goudprys in $/ons vir die laaste kwartaal van die jaar. **VDS-koers:** Gemiddelde opbrengskoers vir verhandelbare depositosertifikate vir die laaste kwartaal van die jaar. **VPI:** Reële groei van die verbruikersprysindeks vir 2009. **Uitleenkoers:** Gemiddelde prima uitleenkoers vir die laaste kwartaal van die jaar. **BBP 2010:** Reële groei van die bruto binnelandse produk vir 2010. **VPI 2010:** Reële groei van die verbruikersprysindeks vir 2010.

Die FinMedia24 Ekonoom van die Jaar-kompetisie, wat in sy 22ste bestaansjaar is, vra 33 ekonome om te voorspel hoe 'n reeks ekonomiese veranderlikes aan die einde van die jaar daar gaan uitsien. Dié voorspellings word aan die einde van elke maand versamel en dan deur prof. Eon Smit, direkteur van die Universiteit van Stellenbosch se Bestuurskool, in 'n konsensusvoorspelling verwerk. Vir die kompetisie dra elke maand se voorspelling 'n ander gewig. Voorspellings wat in die eerste maande van die jaar ingesamel is, dra dus 'n groter gewig as dié aan die einde van die jaar. Die waardle van die konsensusvoorspelling is dat dit gewoonlik die naaste aan die onderliggende ekonomiese werklikheid is. Die wenner is die voorspeller wie se voorspelling die naaste aan die werklike ekonomiese data is. Die werklike data kom uit die Reserwebank se eerste kwartaaloorsig.

SA sal tóg teikens vir klimaat stel, maar nie ryk lande s'n nie

Jean-Marie de Waal, Kaapstad

Suid-Afrika is nie gekant daarteen om teikens vir die vermindering van kweekhuisgasse te aanvaar nie.

Dít was 'n verkeerde indruk wat ná die vorige kabinetsvergadering geskep is, het mnr. Themba Maseko, regeringswoordvoerder, gesê.

Maseko het twee weke gelede ná 'n kabinetsvergadering gesê die Suid-Afrikaanse regering sal nie onder internasionale druk swig om teikens te aanvaar vir die vermindering van kweekhuisgasse wanneer regerings van oor die wêreld in Desember in Kopenhagen, Denemarke, hieroor vergader nie.

In 'n verklaring wat ná die vergadering Woensdag uitgereik is, word gesê Suid-Afrika is nie ten gunste van teikens wat deur ontwikkelde lande op ontwikkelende lande afgedwing word nie. "Ons is verbind daartoe om teikens te aanvaar wat ons ontwikkelingsbehoeftes in ag neem."

Die kabinet het hom ook weer verbind tot 'n internasionale program wat aanpassing bevorder en sê die armste lande sal middele nodig hê om aan dié program te kan deelneem.

Maseko het gesê die strategiese energieraamwerk vir Suid-Afrika word gegrond op die verwagting dat kweekhuisgasvrystellings in Suid-Afrika tussen 2020 tot 2025 'n piek sal bereik.

"As 'n ooreenkoms bereik word, is dit goed en wel, maar ontwikkelende nasies se behoeftes móét 'n rol speel," het hy gesê. Armer lande moet nog daartoe in staat wees om te groei.

Hy het gesê ontwikkelde lande dra meer verantwoordelikheid.

Die kabinet moet nog die finale mandaat vir die beraad in Kopenhagen voltooi.